Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 20/07 2018

Geagte Ouers/Voogde

1. **<u>Bedankings</u>:**
   - Graag bedank ons die SBL vir die onderhoud en verfwerk wat gedurende die vakansie by die skool gedoen is. Ons het net groot waardering daarvoor.

2. **<u>Netheidskontrole</u>:**
   Eerskomende Maandagoggend sal alle leerders aan 'n netheidskontrole onderwerp word. Ouers moet asseblief verseker dat leerders in korrekte wintersdrag geklee is, hare en algemene voorkoms netjies is. Baie dankie vir u samewerking.

3. **<u>Afwesigheid van graad 12-leerders</u>:**
   Dit is ontstellend hoeveel graad 12's weekliks afwesig is. Ons versoek ouers/voogde om hierdie probleem aan te spreek. Daar moet nie van die skool verwag word om aan die einde van die jaar goeie uitslae te lewer terwyl die leerders nie hulle kant bring nie. Elke skooldag en klas is krities belangrik vir die voorbereiding vir die finale eksamen.

4. **<u>Ouerdag: Dinsdag, 24 Julie</u>:**
   Ouers word versoek om afsprake by die skoolsekretaresse te maak.
   Graad 1: 13:00 tot 17:00
   Graad 3: 14:30 tot 17:00
   Graad 4 – 12: 17:00 tot 20:00

   Let asseblief daarop dat die graad 2's se ouerdag op WOENSDAG, 25 JULIE, vanaf 13:00 tot 17:00 plaasvind, aangesien juff. Marisa en Dalene Bohnen departementele verpligtinge op Dinsdag, 24 Julie, moet nakom.

5. **<u>CAMI- en ekstra Wiskundeklasse</u>:**
   - <u>Wiskunde</u>:
     Woensdae: Gr. 6 – 12 14:30 – 15:30

   - <u>CAMI</u>: (Wiskunde, Afrikaans en Engels – gr. 1 tot 9)
     Die CAMI-klasse hervat weer van Dinsdag af. Leerders kan kies tussen Wiskunde, Afrikaans en Engelse rekenaargesteunde lesse. Nuwe leerders se name kan by juf. Riana ingegee word. Leerders moet vir ten minste een kwartaal die klasse bywoon. Klasse: Dinsdag, Woensdag en Donderdae: 14:30 – 15:00

INTERNET GENERATION
Igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

6. **<u>Diskonto-boekverkoping</u>:**
   Baie dankie en ons opregte waardering vir almal wat ons ondersteun het met die boekverkoping. Meer as R14 000 se boeke is verkoop.

7. **<u>Klaskamergordynprojek</u>**
   Graag wil ons ouers vra vir ‘n skenking van enige ou goeie gordyne vir die skool om te help om klaskamers te verdonker vir die gebruik van ons dataprojektors. Ons sal dit self hang. Ons benodig so 4-6 lang gordyne per klaskamer asb.

8. **<u>Finansies</u>:**
   Busgeld vir kwartaal 3 is voor of op 31 Julie 2018 betaalbaar.

9. **<u>Prysuitdeling</u>:**
   Alle leerders wat in besit is van trofeë wat hulle by die 2017-prysuitdeling van Hoërskool McLachlan, ontvang het, moet dit asseblief volgende week na die skool terugbring.

10. **<u>VCSV 122ste verjaardag = 67 minute vir Mandela</u>:**
    Die Verenigende Christen Studente Vereniging van HS McLachlan wil graag die 122ste herdenking van die VCSV in SA vier in die gees van Mandeladag(18 Julie).

    Nelson Mandela sou vanjaar 100 jaar oud wees en bly steeds die ikoon van menslikheid wat vrede en verdraagsaamheid onder almal wou vestig. Ons wil graag al ons leerders en hul gesinne uitdaag om vanjaar onbederfbare voedsel en produkte te skenk vir liefdadigheid in ons eie gemeenskap.

    Leerders kan enige blikkies kos, droë bestanddele, soppe, gedroogte kos, toiletware, skryfbehoeftes, skoene, ens. bymekaar maak en na die skool begin bring. Op 8 Aug 2018, tydens ons 122ste VCSV- verjaarsdagviering, sal ons alle bydraes aan organisasies in ons gemeenskap oorhandig wat die produkte sal uitdeel waar daar nood is.

    Ons mikpunt is om ten minste 100 pakkies bymekaar te bring vir oorhandiging.

    Die eerste 100 bydraes sal beloon word as erkenning en aanmoediging.

    Kom ons maak vanjaar met Mandeladag se 67 minute ‘n blywende impak as verdraagsame en vredeliewende Christene wat ‘n verskil in ons gemeenskap maak.

11. **<u>Langkloof Bloeiselfees</u>:**
    “The early bird catches the worm”

    Tydens die jaarlikse Langklooffees, ten bate van die skool, is die braaivleisstalletjie vir 2018 weer eens die verantwoordelikheid van die personeel.

    Te midde van moeilike ekonomiese en omgewingsomstandighede wil ons tog vrymoedigheid neem om skenkings vir vleis te vra. Bydraes vir ander benodighede sal later versoek word.

    Ons benodig ‘n minimum van 5 lammers. Kontantbydraes is uiteraard ook welkom.

    Indien u ‘n skenking/bydrae wil maak, voltooi asseblief die afskeurstrokie en stuur dit voor/op 1 Augustus 2018 na u kind se klasonderwyser terug.

    By voorbaat dankie vir u lojale ondersteuning.

INTERNET GENERATION
Igen
internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

12. **Jaco Jacobs:**
Die kinderboek-skrywer, Jaco Jacobs, besoek op 25 Julie om 13:45 tot 14:15 die skool. Ouers is welkom om saam met die leerders van graad 1 tot 12 sy besoek in die skoolsaal by te woon. Ouers van graad 1 – 2-leerders moet net reël met die klasonderwyseresse as hulle wil hê hulle kinders moet dit bywoon.

13. **Sport:**

- Tennis:
Tennisoefening vir die hoërskool vind op Maandae vanaf 23 Julie soos volg plaas:

Hoërskoolmeisies: 15:00 – 16:00
Hoërskoolseuns: 16:00 – 17:00

- LS Dr. Viljoen-sportdag: Saterdag, 21 Julie:
Die volgende netbalspanne neem deel:
0/10; 0/11 ; 0/12A en B; 0/13A en B
Geen rugbyspanne gaan deelneem nie.

Bustye:	Misgund:	04:15
	Louterwater:	04:25
	Krakeel:	04:35
	Skool;	04:50
	Ravinia:	05:00

- Markötter-sportdag: Saterdag, 28 Julie:
Spanne wat ingeskryf is:

Netbal:	0/8; 0/9; 0/11; 0/13A en -B; 0/15; 0/17; 0/19
Rugby:	0/9; 0/11; 0/13; 0/15 (7's); 0/16 (7's); 1ste span

- Hoërskoolskaak:
Op Donderdag, 26 Julie, vind daar 'n tuiswedstryd teen Humansdorp Sekondêr plaas.

- Laerskoolrugby- en netbaltoer: 24 – 26 Augustus:
Die toerlede word daaraan herinner om so gou as moontlik die nodige bedrag deur middel van die borgvorm in te samel en dadelik by me. Mattheus in te betaal. Die sperdatum is 14 Augustus.

- Hoërskoolnetbal:
Moedig u dogter aan om elke oefening getrou by te woon aangesien die Markötter sportdag reeds op Saterdag, 28 Julie, plaasvind.

- Netbalwedstryde teen GLA – Donderdag, 26 Julie (tuis):
Spanne: 0/14; 0/16; 0/19
Wedstryde neem om 14:30 'n aanvang.

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

- <u>Laerskoolrugby</u>:
  Baie sterkte aan Alverique Krige wat op Donderdag, 26 Julie, die Kouga 0/13-sewe's span verteenwoordig. Hul speel in Despatch teen P.E. stad.

Botes Gresse
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 273 1335
Cell: +27 (0) 82 578 3039
Fax: +27 (0) 42 273 1210

Hoërskool McLachlan

INTERNET GENERATION
Wireless Internet
www.igen.co.za
McLachlan Internet Fasiliteit Borg

<u>LANGKLOOFFEES 2018:</u>

Ek skenk _____ lammers.

Ek maak 'n kontantbydrae van R_____

Handtekening van ouer: _____

NAAM & GRAAD VAN LEERDER _____